# LEESGIDS

*Geskryf deur Tanya Viviers*

nb
UITGEWERS
PUBLISHERS

**Graad 7 tot 9 Huistaal**
**Graad 10 tot 11 Eerste Addisionele Taal**



Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met Graad 7 tot 9 Huistaal as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit. Die Jeugroman kan ook vir Graad 10 en 11 Eerste Addisionele Taal gebruik word mits die onderwyser die nodige aanpassings maak soos deur die KABV voorgeskryf word.

Hierdie gebruikersvriendelike gids bevat 'n eenvoudige inleiding oor die kenmerke van 'n jeugroman, 'n opsomming van die intrige en 'n biografie van die skrywer. Dit verduidelik ook van die belangrikste temas en die hoofkarakters in die verhaal.

'n Nuttige opsomming van elke hoofstuk, sowel as kontekstuele vrae wat voldoen aan die basiese vereistes soos uiteengesit in KABV, wat ontwerp is om luister en praat, lees en kyk, skryf, voorleggings en taalvaardighede te integreer.

Waar van toepassing: Leerders sal ook baat vind by die woordelys wat voorsien word vir moeilike of vreemde woorde wat in elke hoofstuk gebruik word en die belangrike terme wat in die gids gebruik word.

Dit sluit ook ekstra verrykingsaktiwiteite in om leerders te help om hierdie teks te geniet en daarby betrokke te raak. Die onderwyser kan die vrae gebruik en aanpas volgens die vereistes vir hul leerders se spesifieke graad- en taalvlak. Voorgestelde antwoorde vir elke vraag om te help met individuele assessering.

**11 NUWE DRAMAS**
VIR HOËRSKOLE

# OM TEEN TREINE TE SKREE

SAAMGESTEL DEUR
**TANYA VIVIERS**

# INHOUDSOPGAWE

Agtergrond tot Dramateks

Die Wag-’n-Bietjie-bus – Fanie Viljoen

Die Reënblom – Deidré Jantjies

Is jy al wakker? – Suria Vos

Daisy en die boontjierank – Luan Jacobs

Naguil – Jaco Jacobs

As magma lawa word – Ilze Tulleken

Verraaier – Constant van Graan

Charlize Theron – Luan Jacobs

Wanneer jou gewete praat – De Wet Hugo

Die Boomplanters – Ilze Tulleken

Om teen treine te skree – Kanya Viljoen

# Om teen treine te skree

Leesgids

Tanya Viviers

Die dramabundel vorm deel van die voorgeskrewe tekstipes (genres) vir Afrikaans, asook Dramatiese Kunste.

Die dramabundel is belangrik om erkenning te gee aan ons land se ryk erfenis van leerders uit verskillende sosio-ekonomiese agtergronde, ras, geslag, kennis en vaardighede om sodoende aan elke leerder die selfvervulling te gee om as aanvaarde burger in 'n vry land te leef en te werk.

Soos in ander literêre tekste het dramas ook unieke kenmerke.

**Teksontleding**

Daar is geen vasgestelde reëls waarvolgens 'n dramateks gelees moet word nie. Leerders moet egter die dramatiese vorm van 'n teks begryp. 'n Toneelteks het ses belangrike komponente. Wanneer ons die onderstaande komponente bestudeer, praat ons van teksinterpretasie.

**Intrige**

Verhaalplan.

Dit is die **storie** wat die **tema** belig.'n Toneelstuk kan meer as een intrige hê.

Die intrige sluit die volgende in:

* Die *eksposisie* is die bekendstellingstoneel van die verhaal.

*Die *motoriese moment*. Dit is die oomblik wanneer die handeling begin.

* Die *krisis*. Die hoogtepunt.

* Die *klimaks* lei tot die slot.

Die intrige sluit 'n reeks gebeurtenisse in wat tot 'n klimaks lei en ná die ontknoping opgelos word in die slot.

**Tema**

Filosofiese idee waarom alles draai.

Dit is die **hoofgedagte** van die toneelstuk. Die tema loop soos 'n goue draad deur die stuk en bind dit.

**Karakter(s)**

‘n Goed-geskrewe toneelstuk se karakters vervul verskeie funksies. Een karakter domineer dikwels die ander. Dié karakter word die *protagonis* genoem en is die held en teenoor hom staan die *antagonis*, die teëstander. Die vertroueling is gewoonlik ‘n *plat karakter* teenoor wie iemand sy gevoelens uitspreek en wat self nie veel karakterontwikkeling ondergaan nie. Dit kan ook as ‘n *gerieflikheidskarakter* beskou word.

Karakters kan ‘n groep verteenwoordig, asook atmosfeer skep.

‘n Karakter se plek in die toneel word deur sy funksie bepaal. Die beweging, manier van praat, kostuum en grimering moet by sy funksie pas.

**Dialoog:**

(Monoloog, Tweespraak en Koorspraak)

**Vorm-genré:**

(Dit is die patroon wat gebruik word om sekere tipes toneel te skep.)

Tragedie

Komedie

Klug

Melodrama

Realisme

Absurde teater

Rituele asook storievertelling

Ander aanvullende elemente

**KLANK** en **BELIGTING** asook **REKWISIETE**.

**TEKSTE IN DIE BUNDEL**

**Die Wag-'n-Bietjie-Bus deur Fanie Viljoen bl.8**

Die karakters in hierdie drama is almal dramaleerders van die Wag -'n-Bietjie- skool wat met 'n bus na 'n moontlike optrede vervoer word deur Juffrou Scheepers. Die bus het onklaar geraak en Juffrou Scheepers het iewers gaan hulp soek. Sy daag nooit op nie. Die karakters is verplig om te wag. Hulle is onseker of daar ooit hulp gaan opdaag. Hierdie gewag en onsekerheid sluit aan by elke mens se lewe.

Die karakters is uiteenlopend van aard en gedrag. Ironies is dit die stil meisie wat niks doen of praat nie en slegs na haar skoene staar, wat die bus weer laat beweeg.

Hierdie drama sluit aan by die uitsiglose dramas van Samuel Beckett se ABSURDE TEATER.

**Karakterisering** word in dialoogvorm deur die personasies se gesprekke onthul. Dit beklemtoon wat reeds kortliks in die karakterlys aangedui is. **Byron** die "fisies sterk ou" maar "talentloos". **Kate** se soeke na erkenning. **Wattie** se siektes en **Monique** wat net swart dra, wek die gevoel van 'n moontlike **tragedie**. **Die klimaks** in die drama word onverwags bereik wanneer Monique skielik lewe kry en die "stukkende" bus met welslae aanskakel en almal vertrek "huis toe" sonder **Juffrou Scheepers. Die oop slot** laat die gehoor agter met die keuse waar die "huis" en Juffrou Scheepers is.

**Die Wag -'n Bietjie-Bus deur Fanie Viljoen bl.8**

**VRAE:**

1.1 Skryf in een sin die belangrikste kenmerke van Byron se karakter neer (2)

1.2 Waarom is Juffrou Scheepers nie by haar leerders nie? (2)

1.3 Watter aanduidings is daar vir die gehoor dat die bus onklaar is? (3)

1.4 Skryf vier redes neer wat jou laat besef dat Byron oneerlik teenoor sy ouers is. (4)

1.5 Monique se karakter verskil baie van die ander lede van die groep. Skryf vier redes neer (4)

1.6 Verduidelik waarom dié drama 'n **oop slot** het (3)

1.7 Watter gevoel gee Monique vir haar maats en vir die gehoor? (2)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

1.1 Byron het nie toneelspel-talent nie, maar hy is die skool se held. (2)

1.2 Die bus het onklaar geraak en sy het gaan hulp soek. (2)

1.3 Die bussie se enjin kap staan oop en die dramaklub-leerders sit moedeloos rond. Hulle is ook kwaad vir Juffrou Scheepers (3)

1.4 Hy jok vir sy pa dat hy op ‘n sokkerkamp is. Hy vertel nie vir sy ouers dat hy op ‘n dramakamp is nie. Hy erken dat hy vir sy ouers jok en dat hy sonder hulle medewete doen wat hy wil. Hy het ook geen toneelspel-talent nie. (4)

1.5 Sy dra altyd net swart klere en sy is “misterieus” – stil en praat min en maak nie vriende nie. Tot almal se verbasing staan sy skielik op en praat met ‘n woedende stemtoon. Sy noem hulle “simpel, selfbehepte, saai sotte.” Sy klim in die sogenaamde stukkende bus en hulle ry weg. (4)

1.6 Die bussie ry weg sonder Juffrou Scheepers en in geen bepaalde rigting nie. (2)

1.7 Monique maak ‘n mens bang met haar woorde en haar swart klere en die feit dat niemand met haar maats wil wees nie, nie eens die “begrafnisondernemer” nie. Sy ry met haar mede-toneelspelers na ‘n onbekende einde. (3)

**[20]**

**Die Reënblom deur Deidré Jantjies bl.16**

Hierdie drama neem ons na die droë **Richtersveld** waar die **Namamense** nog stories vertel, asook dans en tydens rituele met die **Maan**, **Reën**, **Blom** en **Akkedis** praat en vra hoe om die Namamense te leer om water met respek te gebruik.

Die **dramatiese elemente** van rituele was gewoonlik handeling wat met groot passie uitgevoer is, omdat die mense geglo het dat hulle op dié wyse met hoër kragte in verbinding tree.

**Motoriese moment**. ‘n Wyse Namavrou droom ná ‘n **ritueel**, dat ‘n baba met die geboortevlek van die reënblom gebore gaan word. Gelukkig word daar só ‘n baba gebore. Sy word **Reënblom** genoem. As jong meisie onderrig **Reënblom** haar mense oor die spaarsamige gebruik van water.

**Rituele** kan as **voorlopers tot geskrewe dramas** beskou word omdat dit meestal met handeling en storievertelling plaasgevind het. **Storievertelling** is ‘n ouer manier om ’n gebeurtenis of ondervinding te dramatiseer met paslike byklanke, fisiese bewegings, stem en instrumente, byvoorbeeld tromme. Rituele en storievertelling bou op na ’n **klimaks** en eindig met ‘n **oop sl**ot of met ‘n sl**ot waartydens al die drade bymekaar gevoeg word**.

**Dialoog** tussen akteurs vind plaas wanneer **Reënblom** met **Blom** praat en vra dat **Blom** vir die **Namareëngod** moet sing, lag, dans en reën vra. **Akkedis** word ook in sy grot gevra om te help dat dit reën. Hierdie versoeke lei tot reën. Die Namamense voer weer ‘n dankbaarheidsritueel uit. Hulle is dankbaar vir die uitkoms van goeie reën. Tydens die slot praat die **verteller** direk met die gehoor oor hoe **Reënblom** uitkoms vir die **Namamense** gebring het.

**VRAE:**

2.1 Wat is die probleem van die mense in die drama? (3)

2.2 Verduidelik wat ‘n ritueel is (4)

2.3 Skryf kortliks die droom van die ou Namavrou neer. (4)

2.4 Noem die drie karakters met wie Reënblom gepraat het. (3)

2.5 Waarom het Reën so lank weggebly in die Richtersveld? (3)

2.6 Verduidelik waarom die drama se **klimaks** nie op ‘n **oop slot** eindig (3)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

2.1 Die mense woon in ‘n droë woestyngebied en die vroue moet in die rivier gaan water skep. As dit nie reën nie kan hule nie kos maak en lewe nie. (3)

2.2 Rituele kan as voorlopers tot geskrewe dramas beskou word. Dit word met groot passie en respek uitgevoer om die hoër magte om gunste te vra. (4)

2.3 Sy het gedroom dat ‘n baba met ‘n geboortevlek op haar boudjies, wat soos ‘n reënblom lyk, gebore gaan word en dat sy die antwoord op hulle waterprobleme sal wees. (4)

2.4 Maan. Reën. Akkedis. (3)

2.5 Reën was kwaad omdat die mense nie hulle kinders geleer het hoe om water te repekteer nie. Hulle het water gemors. (3)

2.6 Die drama eindig op so 'n wyse dat al die probleme opgelos is en die leser en gehoor sien dat almal gelukkig is. (3)

**[20]**

**Is jy al wakker? deur Suria Vos bl.27**

Die prosceniumboogverhoog word die **ruimte**, om die **werklikheid** so getrou moontlik uit te beeld. Verhooginkleding word met minder detail gebruik. **Spanning** word innerlik gewek deur die veranderde jonger mens se uitkyk op die lewe. Die gehoor kan identifiseer met situasies op die verhoog. Veral die **vaderfiguur** se vashou aan die verlede, wek spanning. Dramatiese emosies sluimer in die onderbewussyn, byvoorbeeld woede en veragting. Die gehoor wag ook in spanning op 'n **moontlike onthullende slot**.

Die **karakters** is die **gewone mens** (Jan Alleman) in sy omgewing vasgevang en toon hoe roetine die gees kan versmoor.

Die **intrige** vind hoofsaaklik **innerlik** plaas in die onbeduidende lewens van die die ouers en hulle twee kinders. Die **krisis** ontstaan wanneer **Jansie** in opstand kom teen dié bestaanswyse. Hy wil die huis verlaat en ontbloot só die universele smagting na bevryding van die jonger geslag.

Die **klimaks** ontstaan wanneer die moeder by haar kinders staan, verwyderd van haar man, wat duidelik verkies om in die verlede voort te sluimer. Haar optrede dwing haar man tot die besef dat sy gesin onder sy sluimering vergaan.

Slot

**Papsie** skud die verlede af en 'n "wonderwerk" geskied toe hy die telraam neersit en opstaan en hy aan sy gesin erken dat hy verkeerd was en onderneem om voortaan sy gesin te waardeer en te ondersteun.

**VRAE:**

3.1 Waarom is Moeksie ontevrede met die skottelgoedwasser en ook met haar man? (2)

3.2 Verduidelik kortliks hoe Sansie en Jansie help om dié probleem op te los. (3)

3.3 Jansie skaam hom vir sy pa. Noem twee goed waarvoor hy hom skaam. (2)

3.4 Verklaar in een sin waarom die voordeurklokkie se lui vir Papsie onaanvaarbaar is. (2)

3.5 Papsie glo nog aan 'n telraam. Verduidelik wat hy daarmee doen. (2)

3.6 Waar het Papsie die telraam gekry? (2)

3.7 Waarom het Moeksie destyds op Papsie verlief geraak? Noem drie redes in redes in jou antwoord. (3)

3.8 Verduidelik in twee sinne watter uitwerking Mamsie se woorde op haar man het. (2)

3.9 Beskryf hoe Papsie die gehoor by sy nuwe bestaan betrek. (2)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

3.1 Die skottelgoedwasser is te oud om herstel te word en Papsie belowe net om dit te laat herstel, maar hy doen niks. (2)

3.2 Jansie en Sansie gebruik hulle spaargeld en skenk 'n nuwe skottelgoed-wasser aan hulle ouers. (3)

3.3 Jansie skaam hom vir sy pa se ou Dover-stofie wat die hele huis na rook laat stink en ook vir sy pa se ou motor wat hy 'n "rammelkas" noem. (2)

3.4 Papsie beskou alle moontlike besoekers as onwelkom omdat hy glo dat die tyd van kuier verby is. (2)

3.5 Papsie glo dat die telraam hom nie in die steek sal laat wanneer hy sy gesin se menige uitgawes moet bereken nie. (2)

3.6 Hy was as kind op 'n plaasskooltjie waar leerders op so 'n houtraampie met krale moes leer tel. (2)

3.7 Papsie het in sport en akademie uitgebink en het haar altyd met respek behandel. (3)

3.8 Moeksie se woorde laat Papsie wakker skrik uit sy beswyming in die verlede. Hy sit die telraam neer en vra sy gesin om verskoning en belowe om voorts in elkeen se persoonlike behoeftes te voorsien. (2)

3.9 Papsie gaan staan voor op die verhoog en vra of hulle al wakker is. Sy gesin sluit by hom aan en herhaal sy woorde aan die gehoor. (2)

**[20]**

**Daisy en die boontjierank deur Luan Jacobs bl.34**

**Titel**

Hierdie drama hou verband met die sprokie van **Jan en die boontjierank**.

Die **sprokie-element** word in die drama behou deur die **storieverteller**. In dié drama kry die sprokie 'n magies realistiese wending en word 'n proscenium verhoog gebruik en die minimum verhooginkleding.

**Karakters**

Daisy

Ma: Verteller se ma

Leonard en Masha

**INTRIGE**

Leonard en sy vrou, Masha, is baie arm. Masha stuur haar man, Leonard om haar kosbare ses towerboonjies, wat sy by haar pa geërf het, te gaan verkoop. Hy verruil dit (tot haar ontsteltenis) vir 'n koei. Die **magiese element** in die drama is dat die koei, **Daisy**, oor vreemde eienskappe beskik. Die koei beweeg deur 'n deur, soos deur 'n tuinhek om op die verhoog of buite te wei en snuffel oral rond.

Masha is só ontsteld deur die die koei wat selfs in hulle huis wil kom, dat Leonard op die bank moet slaap. Sy vertel van al die wonderlike dinge wat haar pa met die towerbone kon vermag, maar haar man glo dat hy die regte ding gedoen het om die bone vir die koei te verruil. Hulle voel ongelukkig.

**KRISIS**

Die koei vind haar weg in die huis. Daar vind 'n gestamp en gestoot plaas in die egpaar se pogings om die koei uit die huis te kry en Masha moet tóg erken dat sy anders as ander koeie is.

Daisy kan op haar agterpote regop staan en selfs wawiele maak. Sy het ook 'n besonderse reuksin.

**KLIMAKS**

Masha en Leonard val op die vloer tydens hulle gestoei met Daisy toe sy met geweld in die huis kom. Masha val tydens die gestoei en sien 'n kraak onder haar en Leonard se bed. Daisy het die arm egpaar met haar reuksin na 'n "valdeur" onder hulle bed gelei.

Die egpaar gaan deur die valdeur in 'n gang met trappe af en ontdek 'n kelder vol skatte. Hulle is gered uit hulle armoede deur Daisy.

**SLOT**

'n **Stem** roep na Jan. Hy antwoord sy ma.

Jan onthul dus aan die gehoor dat hy die alomteenwoordige **VERTELLER** is en dat hy moet groet omdat nóg 'n avontuur "… ook te doene met magiese bone …" op hom wag. Hy hardloop van die verhoog af. Ligte uit.

**VRAE:**

4.1 Wie is die verteller wat op die verhoog op 'n stoel sit? (1)

4.2 Wat het Leonard op die mark gaan verkoop? (1)

4.3 Waarom was Leonard se vrou kwaad toe sy die koei sien? (4)

4.4 Noem vier toweragtige dinge wat Masha se pa met sy towerbone kon verrig. (4)

4.5 Wat maak Daisy geskik vir 'n sirkus? (2)

4.6 Daisy het 'n besonderse reukvermoë. Verklaar kortliks hoe sy mense met dié sintuig verstom. (4)

4.7 Hoe het Masha op die vloer beland? (1)

4.8 Beskryf hoe Masha en Leonard die gang vol skatte gevind het. (3)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

4.1 Jan in die sprokie, Jan en die Boontjierank, is die verteller. (1)

4.2 Sy vrou se towerbone. (1)

4.3 Sy het die waarde van die towerbone, wat sy by haar pa geërf het, besef en kon nie aanvaar dat Leonard die bone vir 'n brandmaer koei veruil nie. (4)

4.4 Die magiese bone het vir Masha se pa uitkoms uit hul armoede gegee. Jy kon een boon in die lug gooi en dit het tien minute later begin reën. Die boon kon iemand se tong verlam waarna hy vier tale kon praat. Sommige van die bone het na parfuum geruik, na fluweel gevoel of pragtige musiek gemaak. (4)

4.5 Daisy kon op haar agterbene regop staan en sy kon wawiele maak. (2)

4.6 Daisy is skynbaar allergies vir gras en sy het ook "snuf in die neus" gekry wanneer daar nuwe reuke ontstaan waaraan sy nie gewoond was nie en dan het sy haar ontevredenheid hardop uitgeloei. (4)

4.7 Daisy het haar met geweld in Leonard en Masha se huis ingedwing. Masha het op die vloer voor die bed geval. (1)

4.8 Hulle het 'n "valdeur" ontdek en met trappe afgegaan en in 'n gang vol skatte beland. (3)

**[20]**

**Naguil deur Jaco Jacobs bl.47**

**Karakters**

'n Dertienjarige seun, **Roux**, en 'n meisie, **Merryl**, ook dertien jaar, woon 'n graadsewe skoolkamp by. Almal is vrolik en lawaaierig, veral **Denzel**, die grapjas.

Almal maak grappe en lag oor die kampspook. Die onderwyser, meneer **Steyn**, skep orde om die klomp in hulle oornag slaaphutte te kry.

**INTRIGE**

Roux se ouers het sy belangstelling in voëlgeluide gekweek en hy soek stilte om na die voëls te luister. Hy het 'n "App" op foon sy waarmee hy voëlsoorte kan uitken volgens die geluide wat hulle maak.

Merryl soek sy geselskap op en Roux vertel haar van die Naguil. Hy het sy kennis van voëls by sy ouers gekry. Die voëlkykery is sy ouers se stokperdjie en hulle wil graag ná hulle aftrede voltyds daarmee volhou.

**KRISIS**

Merryl is die onderhoofmeisie van hulle skool, maar sy is ongelukkig omdat haar ouers besig is om te skei. Roux troos haar en sê dat dit dalk beter sal wees as haar pa wat die probleme veroorsaak, nie meer in die huis is nie. Hy belowe om haar onthulling oor haar ouers se probleem as geheim te bewaar.

Die slot van die drama is bevredigend omdat die twee uiteenlopende mense aanklank bymekaar vind en graag in stilte saam sal wil wees.

**VRAE:**

5.1 Roux sit alleen ná tienuur in die aand in die donker. Verklaar in een sin wat wat hy doen. (1)

5.2 Hoe verskil Denzel se persoonlikheid van Roux s'n? (3)

5.3 Waarom vra die ander kampeerders vir Denzel om hulle met rus te laat en liewer liewer die "kampspook" te gaan soek? (3)

5.4 Na watter soort voël se geluid het Roux geluister toe die onderhoofmeisie, Merryl, skielik op hom afkom? (1)

5.5 Waarom is Roux in die "nerd-hut" in die graadsewekamp? (3)

5.6 Watter uitwerking het Roux se vriende se aanhoudende gepraat in sy kop? Verduidelik in twee sinne. (3)

5.7 Merryl dink Roux se ouers is wonderlike mense. Verklaar in twee sinne waarom sy so dink. (2)

5.8 Wat is die probleem in Merryl se ouerhuis? Verklaar in drie sinne. (3)

5.9 Verduidelik in een sin hoe Roux vir Merryl troos. (1)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

5.1 Roux staar in die donker na 'n "App" (Toep) op sy foon. (1)

5.2 Denzel is vrolik en lawaaierig, terwyl Roux stil en intelligent is. (3)

5.3 Hulle is moeg en word vroeg wakker gemaak om aan aktiwiteite soos "skattejag" en "kano-ry" deel te neem. (3)

5.4 Roux luister na die geluid van 'n Naguil. (1)

5.5 Roux en sy vriende gedra hulle goed en hou hulle besig met skaak en lees. (3)

5.6 Denzel en sy vriende kuier en praat nonsens, sodat Roux nie kan dink nie. Sy gedagtes voel soos ‘n “swerm versamelvoëls wat kwetter en rondfladder” in sy kop. (3)

5.7 Roux se ouers geniet dit om saam voëls te kyk as ’n stokperdjie. Hulle wil dit volhou as hulle saam aftree. (2)

5.8 Merryl se ouers baklei baie. Hulle gaan skei en haar pa gaan uit die huis wees wanneer sy van die kamp af kom. (3)

5.9 Roux belowe om haar geheim te bewaar en altyd in aangename stilte haar vriend te wees. (1)

**[20]**

**As magna lawa word deur Ilze Tulleken bl.59**

Die titel van hierdie drama wek die verwagting van ‘n natuurramp wat moontlik kan plaasvind. **Magna is ‘n vloeibare vulkaangesteente** en **lawa is stowwe wat in gesmelte toestand uitgewerp word**.

**KARAKTERS**

| | |
|---|---|
| Ignatius: | Die saggeaarde seun in ‘n ongelukkige huis. |
| Pa: | ‘n Passiewe persoon wat nie veel omgee nie. |
| Ma: | Hardwerkend en voel dat Pa haar nie genoeg in die huis bystaan nie. |
| Boetie: | ‘n Graad 5 seun wat aandag vereis en baie konflik in die gesin veroorsaak. |
| Sussie: | Dromer en jongste kind. |
| Mnr. Botha: | Simpatieke Geografie-onderwyser. |
| Hendrik Mouton: | Graad 7 klasnar vol selfvertroue. |

**DEKOR**

Verhooginkleding is minimalisties. Die gebeure speel in die gesin se leefvertrek af.

**REKWISIETE**

Model van Ignatius se geografie- taak van ‘n vulkaan, asook allerlei wat rondlê.

**INTRIGE**

Die gesin gee nie vir mekaar om nie en werk nie saam nie. Hulle is soos tektoniese plate wat tot ‘n uitbarsting kan lei en vulkane veroorsaak.
Die krisis in die drama word veroorsaak wanneer Ignatius se Geografie-model van ‘n vulkaan deur Boetie met ‘n bal stukkend gegooi word.

**KLIMAKS**

Magna spuit uit. Die hele gesin vermurwe en die lawa kom vry. (**FIGUURLIK**.)

**SLOT**

Die verenigde gesin wat hard saamwerk om die Geografie-taak te voltooi, toon dat magna lawa kan word.

**VRAE:**

6.1 Verduidelik die ooreenkoms tussen tektoniese plate en ‘n legkaart in drie sinne. (3)

6.2 Beskryf kortliks in twee sinne hoe Ma en Pa soos tektoniese plate bots. (3)

6.3 Waar staan Ignatius met sy onvoltooide vulkaanmodel in toneel een? Beantwoord in een sin. (1)

6.4 Pa is aanvanklik die antagonis in dié drama. Skryf drie redes vir hierdie stelling neer. (3)

6.5 Die gesin is op pad om soos tektoniese plate te bots. Skryf in een sin neer waarom jy saamstem. (1)

6.6 Meneer Botha verduidelik aan die klas hoe lawa wat uitloop alles kan vernietig. Wie verooraak dat die lawa uitloop? Skryf slegs die persoon se naam neer. (1)

6.7 Ignatius hoop dat lawa weer die gesin sal verenig. Verduidelik in vier sinne hoe lawa weer ‘n nuwe, mooi lewe kan skep. (4)

6.8 Beskryf in vier sinne hoe die gesin Ignatius se nuwe vulkaan bou. (4)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

6.1 Tektoniese plate is dele van die aardkors wat beweeg en in mekaar pas. ’n Legkaart se dele pas ook in mekaar. Dit maak ook prente. (3)

6.2 Ma is baie netjies en Pa spat koffie op haar klere. Sy is woedend. (3)

6.3 Ignatius staan in die middel van die verhoog. (1)

6.4 Pa is onbehulpsaam en reageer en luister nie as iemand met hom praat nie. (3)

6.5 Hulle werk nie saam nie en het botsende persoonlikhede. (1)

6.6 Boetie (1)

6.7 Lawa is ryk aan voedingstowwe wat diep uit die aarde kom. Dit skep weer nuwe lewe. Ignatius hoop dat die gesin wat saamwerk aan die vulkaan-model soos lawa wat afgekoel het die gesin beïnvloed en dat daar weer vrede en geluk sal heers. (4)

6.8 Die gesin sit gelukkig bymekaar. Elkeen maak ‘n bydrae. Pa gee 'n bottel. Sodra die gesin begin bou, glimlag Ignatius. Hy sien met geluk in sy gemoed hoe hulle saamwerk aan die die vulkaan. (4)

**[20]**

**Verraaier deur Constant van Graan bl.74**

**INTRIGE**

Die drama handel oor die **twee ou skoolvriende**, **Kevin** en **Frans**, wat oor hulle onderskeie lewens praat. Die enigste toehoorder van hulle gesprek is Joey, die African Grey papegaai, wat **stemme kan naboots en in vol sinne praat**.

**KARAKTERS**

**Kevin** is die **grootprater** en hy verwys met spotname terug na hulle skoolvriende soos byvoorbeeld “**Kromvinger Eddie**” wie se ghoen hy afgevat het en wat later oorlede is toe hy dié ghoen ingesluk het om dit te behou.

Voorts praat hy oor “**ou miswurmpie**” en noem hom ‘n “**lamsak.**”

**Frans** is **duidelik ongemaklik** en skink vir hulle elkeen ‘n whiskey.

**Joey** begin praat: “Koppie krap, koppie krap Frans …”

Kevin kla daarna dat dit nie goed met sy finansies gaan nie en verwys na Frans as die gelukkige ouditeur wat nie geldprobleme het nie.

**KRISIS**

Kevin drink die whiskey en sê vir Frans dat die whiskey "… amper so lekker soos jou vrou …" is.

**KLIMAKS**

**Kevin** trek swart handskoene aan. Hy haal 'n pistool uit en sê dat hy vir Frans op aandrang van sy vrou gaan doodmaak om sy tien mljoen versekeringsgeld te kry. Hulle stoei en Frans smeek hom: "Asseblief Kevin! Moenie skiet nie! Asseblief Kevin."

**SLOT**

**Speurders** kan geen bewyse kry dat Kevin vir Frans doodgeskiet het nie.
Die papegaai, **Joey**, boots Frans se stem en smeekwoorde na. Skielik is daar 'n wending net voor die ligte verdoof het "**die verraaier**", **Joey**, vir Kevin as die skuldige aangedui.

**VRAE:**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Wat is die doel van Kevin se besoek aan Frans? Skryf twee sinne as jou antwoord neer. | (3) |
| 7.2 | Kevin praat vernederend van hulle ou skoolvriende. Skryf in een sin neer hoe een van hulle vriende oorlede is. | (3) |
| 7.3 | Werk Frans se vrou, Trudy baie hard? Beantwoord in een sin wat sy doen. | (3) |
| 7.4 | Wat is die uitstaande kenmerk van 'n African Grey papegaai? | (3) |
| 7.5 | Hoe het Kevin die moordbewyse op Frans probeer wegsteek? | (4) |
| 7.6 | Wat het die speurder skielik laat stol? Beantwoord in twee sinne. | (4) |

**[20]**

**ANTWOORDE:**

7.1 Kevin moet in opdrag van Trudie vir Frans doodskiet om sy tien miljoen versekeringsgeld te kry. (3)

7.2 Eddie het sy mooi ghoen ingesluk omdat Kevin dit by hom wou vat. Eddie is daarna oorlede omdat die ghoen in hom vasgesit het. (3)

7.3 Nee. Sy jok vir Frans dat sy werk omdat sy 'n agteraf verhouding met Kevin het en tyd saam met hóm wil deurbring. (3)

7.4 African Grey papegaaie is baie slim. Hulle kan stemme naboots en in volsinne praat. (3)

7.5 Hy het handskoene aangetrek om die pistool mee te hanteer. Ná die moord het hy die pistool onder 'n bank ingegooi en alles waaraan hy geraak het afgevee om sy vingerafdrukke en DNS te verwyder. (4)

7.6 Joey het Frans se stem nageboots en sy laaste smekinge dat Kevin kom nie moet doodmaak nie hardop voor die speurder gesê. (4)

**[20]**

**Charlize Theron deur Luan Jacobs bl.93**

**INTRIGE**

Die drama is 'n ligte **komedie** omdat daar verwarring van identiteite voorkom, asook misverstande en belaglike situasies.

**Jean-Pierre** die maître d'hôtel is geweldig opgewonde en gespanne omdat hy die beroemde aktrise, **Charlize Theron**, as gas in sy restaurant, **Fleur** verwag. Hy jaag sy pesoneel op hol en veral **Helena, die hoofkelnerin**, moet alles perfek doen.

Jean-Pierre besef nie dat hy die aktrise verwar met 'n doodgewone vrou van Benoni, wat toevallig dieselfde naam as die aktrise het nie.

Gaste word verskuif om die beste tafels vir Charlize te bied. Daar heers groot opgewondenheid en afwagting.

Die drama is deurgaans komies. **Oscar die skottelgoedwasser** moet vining deur **Helena** die hoofkelnerin opgelei word om vir Charlize te bedien, omdat sy al so baie Oscars gewen het. **Manie die klavierspeler** moet alles wat hy ken so vining moontlik speel om 'n opwindende atmosfeer te skep. Jean- Pierre hoop om die restaurant se

status van die huidige vierster na ‘n vyfster op te skuif. Al die tafels moet perfek óórgedek word en die personeel moet sorg dat hulle hande skoon is.

**KRISIS**

Die personeel weet almal dat Charlize kom, omdat hulle geen onderliggende geheime het nie en die inligting het uitgelek toe Oscar geld wou steel uit Manie se Bybel waarin daar ‘n brief was wat van Charlize se besoek vertel.

**SLOT**

Die aand eindig met ‘n leuen.

Jean-Pierre jok vir sy gaste dat Charlize Theron pas by Fleur was, maar dat sy ongelukkig gou moes vertrek. Hy vertel selfs ook dat Julia Roberts ook in die omtrek is en dat sy moontlik ook by die Fleur Restaurant sal aandoen.

**VRAE:**

8.1 Waarom kan dié drama as ‘n komedie beskou word? (2)

8.2 Waarom is Jean-Pierre so opgewonde dat hy sy personeel ophol jaag? (2)

8.3 Beskryf die opdragte wat Oscar en Manie moet uitvoer in twee sinne. (4)

8.4 Charlize daag uiteidelik op, maar Jean Pierre weier dat sy op die gastelys mag kom. Verduidelik in twee sinne die rede vir sy optrede. (4)

8.5 Hoe het die geheim van Charlize se besoek by die personeel uitgelek? (4)

8.6 Wat is Jean- Pierre se titel in Fleur? Skryf net een woord as jou Antwoord neer. (1)

8.7 Beskryf in twee sinne watter leuen Jean-Pierre vir sy gaste in Fleur vertel om te verseker dat hulle weer sy restaurant sal besoek. (2)

8.8 Hoe sal “dinge” volgens Jean- Pierre verbeter na Charlize en moontlik Julia Roberts se besoek aan die restaurant? Beantwoord in een sin. (1)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

8.1 Daar is omgeruilde karakters in die drama asook belaglike situasies. (2)

8.2 Hy verwag die beroemde aktrise Charlize Theron as ‘n gas by Fleur. (2)

8.3 Oscar, die skottegoedwasser, moet vining as kelner opgelei word omdat sy naam ooreenstem met die Oscars wat Charlize gewen het. Manie moet alles vining op die klavier speel om ‘n opgewekte atmosfeer te skep. (4)

8.4 Die ouerige dame van Benoni is nie reg gekleed in haar sweetpakbroek en tekkies nie. Sy erken dat sy nie die aktrise van Hollywood is nie en moet ongelukkig die restaurant verlaat. (4)

8.5 Oscar wou geld uit Manie se Bybel steel. Hy kry toe ‘n briefie in die Bybel waarin staan dat die beroemde Charlize die restaurant gaan besoek. (4)

8.6 Maître d’hôtel. (1)

8.7 Hy jok vir die gaste dat Charize wel by die restaurant was, maar ongelukkig weer gou moes vertrek. Julia Roberts is glo ook in die omgewing. (2)

8.8 Hy hoop hulle sal voortaan meer gaste kry en dat Fleur van ‘n vierster na ‘n vyfster restaurant opgradeer sal word. (1)

**[20]**

**Wanneer jou gewete praat deur De Wet Hugo bl. 112**

De Wet Hugo se drama herinner aan die Middeleeuse Moraliteitspele wat tussen 1400 en 1500 in Europa gewild was. Hierdie dramas was daarop gemik om die gehore ‘n les te leer.

**INTRIGE**

Dis Jano se verjaarsdag en al sy vriende daag op met geskenke. **Denise** daag eerste op en prys haar eie geskenk en praat vernederend van die ander tieners wat op pad is. Sy noem hulle “patete”, “doffels” en “suurstofdiewe”.

Nadat almal hulle geskenke oorhandig het, kom Jano se ma die vertrek binne en stel voor dat hulle ‘n blinddoekspeletjie moet speel. Sy is onbewus daarvan dat **Denise ‘n boelie** is. Haar plan is dat die kinders elkeen ‘n kans moet kry om, terwyl hulle geblinddoek is, geskenke uit ‘n sak te haal.

**KRISIS**

**Denise** sit eerste die blinddoek op en al die ander karakters vries.

**Gewete** praat met ‘n stem wat klink soos haar maats s’n iewers op die verhoog. **Denise** probeer weghardloop, maar **Gewete** sê dat jy nie van jou gewete kan wegkom nie.’n Woordestryd tussen Denise en Gewete ontstaan.

**KLIMAKS**

Denise maak haar oë oop en snik. Sy belowe om te verander. Elke vriend kry ‘n geleentheid om haar te herinner aan hoe sy hulle verneder het.

Gewete is jammer dat Denise se ouers besig is om te skei.

Voorts moet Denise erken dat sy te ver gegaan het en moet verander.

**SLOT**

Jano kry die beurt om die blinddoek op te sit en Denise herinner hom dat dit baie onaangenaam is, as jou gewete pla.

**VRAE:**

9.1 Beskryf opsommend wie die groep is wat Jano se verjaarsdagpartytjie bywoon. (1)

9.2 Hoe verskil Denise en Gewete van die ander patytjiegangers? (2)

9.3 Beskryf kortliks in twee sinne waarom Denise ‘n boelie is. Haal drie woorde in die toneelteks aan om jou antwoord te staaf. (4)

9.4 Beskryf in twee sinne Jano se ma se blinddoek-speletjie. (2)

9.5 Wat gebeur met die res van die karakters sodra Denise geblinddoek is? (1)

9.6 Denise probeer vlug nadat sy geblinddoek is, maar kan nie beweeg nie. Verklaar in een sin waarom sy nie kon wegkom nie. (2)

9.7 Verduidelik in een sin die oorsaak van Denise se boelie-gedrag. (1)

9.8 Hoe het Denise met Maryke in ‘n geveg beland? Verduidelik in vier sinne. (4)

9.9 Hoe kry Denise se maats dit reg om haar op haar foute te wys? (1)

9.10 Tot watter insig dwing Gewete vir Denise? Verduidelik in een sin. (1)

9.11 Wat doen Denise as haar blinddoek afgehaal word? (1)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

9.1 Jano se tienerklasmaats, asook sy ma en Gewete. (1)

9.2 Denise is 'n onaangename boelie en Gewete is die stem van almal vir wie sy al aanstoot gegee het. (2)

9.3 Denise. Sy het 'n onaangename persoonlikheid. Sy kritiseer en verneder haar vriende en noem hulle "bleeksiele", "patete" en "suurstof diewe." (4)

9.4 Jano se ma bring 'n sak in en gooi al die geskenke daarin. Sy versoek dat die maats een vir een geblinddoek moet word, hul hand in die sak steek en 'n geskenk uithaal. (2)

9.5 Almal vries. (1)

9.6 Denise se gewete hou haar vas. Sy kan nie weghardloop van haar gewete nie. (2)

9.7 Denise is ongelukkig omdat haar ouers besig is om te skei. (1)

9.8 Maryke het vir Denise gesê dat sy jammer is dat haar ouers gaan skei Denise wou vir Maryke slaan. Meneer Nel het betyds gekeer. Denise jok ook dat Maryke vloek. Gewete laat haar besef dat sy nie ander mag beledig en seermaak nie. (4)

9.9 Die karakters begin weer almal saam beweeg soos aan die begin. (1)

9.10 Denise sê: "Ek dink ek moet verander." (1)

9.11 Denise lag gelukkig. (1)

**[20]**

**Die Boomplanters deur Ilze Tulleken bl.128**

Die drama handel oor 'n woud met mooi bome wat vernietig is en hoe die gemeenskap begin saamwerk om weer nuwe bome te plant. **Delki**, die **hoofkarakter**, plant ook haar boompies in die magiese woud, maar haar boompies word uitgetrek en groei nie. Die **Akina**, hoof van die gemeenskap merk dat Delki geen selfvertroue het nie en dat sy self haar boompies uitpluk.

Die gemeenskap bemoedig haar en sy kry weer moed en selfvertroue.

Daarna groei haar boompies ook.

Die les van goeie ondersteuning wat selfvertroue herstel, word aan die leser/gehoor oorgedra.

**VRAE:**

10.1 Wat is die hoof-filosofiese idee (tema) van van die drama? Beantwoord een volsin. (4)

10.2 Skryf in een volsin neer met wie Delkie haarself vergelyk. (2)

10.3 Verduidelik kortliks wat 'n Alter Ego is. (2)

10 .4Wat is die naam van die woud waar die drama afspeel ? (1)

10.5Beskryf hoe Akina aan die gehoor verduidelik hoe die woud vernietig is. (4)

10.6 Waarom groei Delki se boompies nie? Verklaar in een sin. (1)

10.7 Beskryf kortliks hoe Fauna en Mitra vir Delki gehelp het om Alter Ego te vang. (4)

10.8 Skryf in twee sinne neer hoe Delki vir Alter Ego oorwin. (2)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

10.1 Negatiewe emosies kan 'n mens aan jouself laat twyfel en dit tas jou selfbeeld aan . (4)

10.2 Delki vergelyk haar met Fauna en Mitra asook hoe om 'n boompie te laat groei. (2)

10.3 'n Alter ego is 'n ewebeeld van jou onsekerheid en verse jou dan soos 'n ander wese laat lyk. (2)

10.4 Eldoradowoud. (1)

10.5 Die woud is sestig jaar gelede deur die mens se tegnologiese ontwikkeling vernietig. Mense het só die natuur vernietig. (4)

10. 6 Sy beskou haar boompies as klein en swak. (1)

10.7 Fauna en Mitra het saam met Delki in die bos weggekruip en vir Alter Ego met 'n net gevang. (4)

10.8 Akina het haar gehelp om al haar twyfel en donker emosies te stop. Alter Ego het uit die woud gevlug en vir Delki geskree: "Ek haat jou, Delki …" (2)

**[20]**

**Om teen treine te skree deur Kanya Viljoen bl.151**

Hierdie **titeldrama** bevat unieke kenmerke wat dit besonders geskik maak vir die onderrig van Afrikaans. Die titel dui daarop dat dit nie help om teen die harde werklikheid te veg nie.

In die **karakterlys** van **Om teen treine te skree**, verskyn **Mercy** se naam heel eerste. Sy en haar jonger broer, David, woon by hulle ouma langs die spoorlyn. Sean, die hoofseun en goeie sportman, is in 'n **verhouding met Mercy**. Die ander karakters is **matriekleerders**, asook haar vriende. **Ansie** het saam met haar grootgeword en ken haar dus baie goed.

Die **tema** van die drama handel oor hoe tienerverhoudings en sosiale media, veral met die aanstuur van naakfoto's tot die dood van slagoffers kan lei.

Toneel een speel in 'n "tussenwêreld" af waar **Mercy** doodstil langs die spoorlyn lê.

Die trein se geluid is hoorbaar en haar vriende vorm 'n kring om haar.

**David** strooi haar met rooi skitterkonfetti wat soos bloed lyk.

**Mercy** staan op, maar sy is nie in kontak met haar maats nie.

**Mercy** se woorde: "Dit was stil en ek dink ek wag …" skep spanning en afwagting. Sy het voorheen saam met haar maats teen die treine se gefluit geskree om van hulle vrese en frustrasies ontslae te raak.

Juffrou Wiese se LO-taak oor treine word deur die karakters soos 'n koor vertel. Die ontwikkeling van spoorlyne word deeglik histories weergegee.

**Ansie** verduidelik aan 'n "skoolhoof" in die gehoor hoe en waarom hulle geskree het.

**KRISIS**

Leerders sit met selfone en stuur 'n naakfoto van **Mercy** aan mekaar. **Sean** ontken dat hy vir **Mercy** gevra het om 'n naakfoto van haarself aan hom te stuur.

**KLIMAKS**

Die **openingstoneel word terugskouend** herhaal. Die groep tieners hou partytjie langs die spoorlyn en tydens 'n gestamp en gestoot beland Mercy op die treinspoor.

Die **koor** vertel van 'n taxi-ongeluk waartydens dié mini-bus nege kinders se lewens gekos het.

**ONTKNOPING**

**Kirstie** vertel hoe depressief **Mercy** was, maar sy glo dat haar dood nie selfdood was nie, maar 'n ongeluk.

Sean verduidelik dat almal vir haar dood verantwoordelik is, maar dat die lewe vir hulle sal voortgaan, al is **Mercy** dood.

**SLOT**

**David, Kirsty en Ansie** bring hulde aan **Mercy** en **Ansie** sê: "Daarom kan ons nie dieselfde wees nie."

Die trein fluit en die ligte verdoof.

**VRAE:**

11.1 Mercy lê in toneel een doodstil langs die spoorlyn. Verduidelik of jy glo dat sy dood is. Gebruik woorde soos "tussenwêreld" en "rooi skitterkonfetti" in jou Antwoord. (3)

11.2 Waarom beweeg haar vriende weg van haar af? Verwys na 'n taxi-ongeluk wat voorheen op die treinspoor plaasgevind het. (3)

11.3 Verduidelik waarom Mercy by haar ouma gebly het en noem haar jonger broer se naam in jou Antwoord. (3)

11.4 Noem drie redes waarom Mercy en haar vriende teen die treine geskree het. (3)

11.5 Verduidelik die verband tussen Juffrou Wiese se LO-taak en selfone. Antwoord in slegs twee sinne. (2)

11.6 Wattter rol speel Sean in Mercy se lewe? (4)

11.7 In die slottoneel neem Mercy se vriende van haar afskeid. Sean is nie deel van die groep nie. Skryf een sin neer waarin jy oor sy afwesigheid bespiegel. (2)

**[20]**

**ANTWOORDE:**

11.1 Mercy is oorlede. Haar broer David strooi "skitterkonfetti" oor haar wat bloed voorstel. Mercy is in staat om in die "tussenwêreld" te beweeg. (3)

11.2 Haar vriende vergelyk haar met die mense wat voorheen in ‘n taxi-ongeluk oorlede is. Hulle onthou hoe grusaam die slagoffers se oorskot was. (3)

11.3 Mercy en haar broer, David, het by hulle ouma langs die spoorlyn gebly omdat hulle ma aan drank verslaaf was en dus onbevoeg was om na haar kinders te kyk. (3)

11.4 Mercy en haar vriende het teen treine geskree soos hulle teen “skool” en “juffrouens” sou wou skree. Ook teen die armoede van hulle ouers. Hulle skree hulle kommer weg en “voel sterk” en “nie bang nie”. (3)

11.5 Die LO-taak handel oor treine wat verbindingslyne tussen stede en dorpe is. Selfone verbind mense se inligting. (2)

11.6 Sean was in ‘n verhouding met Mercy. Hy is moontlik die oorsaak dat sy ‘n naakfoto van haarself geneem het. Die foto is versprei en het tot haar depressie en dood gelei. (4)

11.7 Sean het reeds van Mercy afskeid geneem en gaan voort met die lewe. (2)

**[20]**

Die elf dramas in die dramabundel is gekeur en saamgestel omdat opvoeders volgens die gepaste temas leerstruikelblokke kan identifiseer, asook kreatiewe denke stimuleer en ook omdat dit as literêre teks by die mondelingkomponent van tale aansluit.

Die dramabundel kan ook deur Dramatiese Kunste-leerders en -opvoeders gebruik word, aangesien die toneeltekste by die teoretiese en praktiese onderrig van die vak aansluit.

Die dramabundel is die **eerste** in sy soort vir literêre onderrig as derde genre.
Groot dank en waardering aan diegene wat hard gewerk het om die unieke dramabundel moontlik te maak.

Leesgids: Om teen Treine te skree
deur Tanya Viviers
gepubliseer deur Tafelberg, 2024
Neem kennis: Alle bladsynommers verwys na hierdie uitgawe van die jeugroman

'n Leesgids vir Graad 7 tot 9 Huistaal en Graad 10 en 11 Eerste Addisionele Taal
Kopiereg in hierdie publikasie deur Tafelberg 'n druknaam van NB Uitgewers 'n afdeling van Media24 Boeke (Edms) Bpk

Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer vir kommersiële doeleindes gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Hierdie gids is saamgestel deur Tanya Viviers